

## Sing vooraf staande: Psalm 19:5 (p. 83)

- 5 Die HEER se vrees is rein, / dit open 'n fontein / van heil wat ewig bly.  
Die wette van die HEER / is waarheid immermeer, / regverdig net soos Hy.  
Hul's soos die fynste goud – / ja, fyner duisendvoud – / geen glans wat so kan straal nie;  
geen heuning is so goed, / geen heuningdrup so soet – / daar's niks wat daarby haal nie.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm Skrifberyming 5-4:1, 2, 5, 6 (10:1, 2, 5, 6)

- 1 Wie kan ons voor die regter daag? / Gods uitverkore kind verklaag?  
Waar is die mond wat durf verdoem / as God sy kind regverdig noem?
- 2 Dis Christus wat die skuld wou dra, / die dood vir ons gesterf het, ja,  
wat, opgewek, in glorie sit / en altyddeur vir ons wil bid.
- 5 Maar nee, ons sal oorwinnaars bly / deur Hom vir wie ons leef en ly.  
Ja 'k weet gewis, geen lewe of dood, / geen eng'lemag, bo-menslik groot,
- 6 geen skepsel in die skepping wyd, / geen ding in tyd of ewigheid –  
niks kan ons van Gods liefde skei / wat ewig-vas in Christus bly.

## Geloofsbelydenis: Apostolicum

*Na die wet sing ons Psalm 34:7 (p. 168)*

Wet

Psalm 34:7 (p. 168)

- 7 God wend sy aangesig / teen hul wat sy bevel weerstaan,  
Hy laat hul naam met hul vergaan / deur hoogste strafgerig;  
maar Hy sien gunstig neer / op die regverdige geslag;  
Hy neig sy ore tot hul klag / en red hul altyd weer.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**

**Vergifnis:**

- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 119:3 (p. 586)

- 3 As ek, HEER, u wet wat billik, / reg en waar is, maar kan leer,  
dan word U van ganser harte / en opreg deur my geëer.  
Ja, ek loof U, want regverdig / is u regte, woord en daad.  
Wil dan nimmer my verlaat nie / wat u wet nie wil verlaat.

Skriflesing: Romeine 11

Teks: Romeine 11:7

**Wat dan? Wat Israel soek, dit het hy nie verkry nie; maar die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard.**  
(Romeine 11:7 AFR1953)

In hierdie teks is die werk van Jesus Christus saamgevat:

- Hy sterf vir die saligheid en verlossing van al die uitverkorenes.
- Maar Hy sterf ook vir die verharding van die geloofsonverskilliges.

Israel wou werk vir hulle saligheid. Hulle word egter hier in die Romeinebrief reggehelp.

- Hulle ywer vir hulle saligheid het berus in hulle ongeloof.
- Hulle ywer was heeltemal in 'n verkeerde rigting.
- Geen mens kan die geregtigheid van God buig nie.

Ons buig almal voor die geregtigheid van God.

Die Romeine het die Joodse volk in hulle verhouding tot God gesien.

- Hulle het sommiges die Here met hulle hele hart sien dien.
- Ander het hulle moedeloos gesien.
- En ander het hulle gesien terwyl hulle afvallig en verhard is.

Almal in die gemeente van Rome was ook nie Jode nie, sommiges van hulle was bekeerde Romeine. Nou wou hulle weet watter gevolgtrekking hulle moet maak uit dit wat hulle sien onder die volk Israel.

Dan word die saak duidelik soos wat God dit beskryf in hierdie hoofstuk.

- Die verlossing berus by God se vrymagtige verkiesing en nie by die ywer van Israel nie.
- Maar dit beteken nie dat die Here nou die Israeliete verstoot het en sy genade net oor die heidene uitstort nie.
- Hiermee keer die Here die heidene dat hulle nie valslik hoogmoedig sal word en die Jode verag nie.

Vers 2 gee die versekering waarna ons soek:

**God het sy volk wat Hy vantevore geken het, nie verstoot nie.**

Ons tel ook onder hierdie volk van God wat vantevore geken is. Ons lees dit in Efesiërs 1:4.

**soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,** (Efesiërs 1:4 AFR1953)

- Daarom is hierdie teksvers vir ons ook so belangrik.
- God sal ons nooit verstoot nie.
- Hy verbreek nooit sy verbond nie.
- Hy trek ook nooit sy beloftes terug nie.

Die Bybel noem die voorbeeld van Elia.

- Daar was 'n tyd toe hy moes vlug vir sy lewe en toe het hy gedink dat hy die enigste gelowige is wat nog oorgebly het.
- Toe antwoord die Here hom dat daar nog seweduisend manne oor is in die volk wat nie hulle knieë voor Baäl gebuig het nie.

Kom ons pas nou eers ons teksvers toe op hierdie gedeelte wat hier geskrywe is.

- Die hele volk Israel soek hulle heil in die Baäldiens.
- Daar kry hulle geen heil nie.
- Die Here verhard die koningshuis en 'n deel van die volk – juis sodat God hulle kan straf.
- Maar die seweduisend uitverkorenes bewaar die Here. Hy sê:

**Ek het vir Myself seweduisend manne laat oorbly wat nie die knie voor Baäl gebuig het nie.** (Romeine 11:4 AFR1953)

Ons teksvers:

**Wat Israel soek, dit het hy nie verkry nie; maar die uitverkorenes het dit verkry, en die ander is verhard.** (Romeine 11:7 AFR1953)

Dan gaan ons na vers 5 toe, waar ons van Elia af gebring word tot in die hede:

**Net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd 'n oorblyfsel, ooreenkomstig die verkiesing van die genade.** (Romeine 11:5 AFR1953)

Hier stel die Heilige Gees ons in die skerp lig van God se genade.

- Omdat ons uitverkorenes is, mag ons aansit aan die sakrament van die Heilige Nagmaal –
- mag ons herdenk dat die genade van God se verkiesing juis deur die Here Jesus Christus oor ons in vervulling gegaan het.

In hierdie sakrament dank ons die Vader dat ons nie verhard is nie, maar dat ons juis die verlossing mag verkry in ons Here Jesus.

Die gedeelte spreek ook ons verantwoordelikheid sterk aan.

- Israel het nie gekry wat hulle gesoek het nie, want hulle ywer was verkeerd.
- Hulle hele godsdienstige aanslag was nie na wense nie.
- Hulle wou wêrelds hulle saligheid uitwerk – toe verloor hulle juis hulle saligheid omdat hulle God verloor het.

Daarom kom wreek die Here Hom op hulle.

- Hy verhard hulle omdat hulle dinge verkeerd wou doen.
- Hy wil hulle verdelg omdat hulle anders wil as wat Hy wil.

Maar die Here straf nie net nie.

- Hy het die uitverkorenes besoek en lewe in hulle harte gewerk.
  - Gehoorsaamheid
  - Dankbaarheid
  - Liefde vir Hom en vir mekaar
- Die uitverkorenes het die verlossing verkry omdat hulle nie wêrelds soek na verlossing nie.

Kom sit so aan hierdie Nagmaaltafel.

- Soek alles wat goed is, waar Christus is: geestelik en met 'n volgehoue gehoorsaamheid aan God en liefde vir Hom.
- Doen dit onophoudelik met 'n ywer wat die Here dien.
- Doen dit ook vandat u van hierdie tafel af opstaan tot in ewigheid.

**Amen.**

## Gebed

### Psalm 98:2 (p. 488)

- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;  
dit slaan die wêreldeindes gade / nou onse God sy heil ons skenk.  
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!  
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

## Formulier

### Psalm 23:3 (p. 107)

- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druipe olie en my beker vloei van wyn,  
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;  
dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

## Af tafel toe:

Tydens Nagmaal: Psalm 116  
Psalm 118

## Slotgebed

### Slotpsalm 33:1 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!  
Dit pas opregtes God te Lowe / en uit te jubel tot sy eer.  
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –  
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

**Dr MJ du Plessis**  
**Gereformeerde Kerk Bellville**  
**Datum: 22 Augustus 2010**

Jeremia 7:26 maar hulle het na My nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar hul nek verhard; hulle het dit erger gemaak as hul vaders.  
Jeremia 17:23 Maar hulle het nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar hul nek verhard om nie te luister nie en geen tugtiging aan te neem nie.  
Jeremia 19:15 So spreek die HERE van die leë skare, die God van Israel: Kyk, Ek bring oor hierdie stad en al sy stede al die onheil wat Ek daarvoor gespreek het, omdat hulle hul nek verhard het om na my woorde nie te luister nie.  
Daniël 5:20 Maar net toe sy hart hom verhef het en sy gees verhard is om oormoedig te wees, is hy van die troon van sy koningskap afgestoot, en die heerlikheid is hom ontnem.  
Markus 6:52 Want hulle het by die wonder van die brode nie verstandig geword nie, omdat hulle hart verhard was.  
Johannes 12:40 Hy het hulle oë verblind en hulle hart verhard, sodat hulle nie met die oë sou sien en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie.  
Handelinge 19:9 Maar toe sommige hulle verhard en ongehoorsaam was en voor die menigte aanhou kwaadsprek van die Weg, het hy van hulle weggegaan en die dissipels afsonderlik geneem en elke dag in die skool van 'n sekere Tiránnus samesprekinge gehou.  
Romeine 9:18 So is Hy dan barmhartig oor wie Hy wil en Hy verhard wie Hy wil.  
Romeine 11:7 Wat dan? Wat Israel soek, dit het hy nie verkry nie; maar die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard.  
2 Korintiërs 3:14 Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word.  
Hebreërs 3:8 verhard julle harte nie soos in die verbittering, in die dag van die versoeking in die woestyn nie,  
Hebreërs 3:13 Maar vermaan mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie.  
Hebreërs 3:15 omdat daar gesê word: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie soos in die verbittering nie.  
Hebreërs 4:7 bepaal Hy weer 'n sekere dag, naamlik vandag, as Hy soveel later deur Dawid spreek, soos gesê is: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie.